

HOOFSTUK VI

BYDRAE VAN DIE KAAPSE SLAWE TOT ASPEKTE VAN DIE SUID- AFRIKAANSE KULTUUR, 1652 - 1838

Volgens Elphick en Shell was die mees ooglopende kenmerke van die Kaapse kultuurgeskiedenis van die sewentiende tot negentiende eeu die uitruil van kulturele elemente tussen die verskillende groepe wat tot die ontstaan van sinkretiese kultuurpatrone aanleiding gegee het.¹ 'n Unieke akkulturasieproses sou 'n deurslaggewende rol speel in die ontstaan van dié vermengde kultuurpatrone en aan die Kaapse kultuur 'n eiesoortige karakter verleen. As sodanig is die Kaapse kultuurgeskiedenis van veral die slawetyd 'n belangrike hoofstuk in die breër Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis.

Die Akkulturasieproses

Die term akkulturasie behels basies die fenomeen wat ontstaan wanneer groepe of individue uit verskillende kulture binne dieselfde geografiese milieu in voortdurende direkte kontak met mekaar is en veranderinge in die oorspronklike kultuurpatrone van die betrokke groepe daaruit voortspruit.² Dié assimilasië uit die kulture van heterogene groepe en die kulturele fusie wat tussen die groepe onderling plaasvind, staan bekend as akkulturasie en verleen aan 'n nasie wat uit heterogene groepe opgebou is wel 'n bepaalde gemeenskaplike identiteit. Ross het basies twee vorme van akkulturasie waarby Kaapse slawe betrokke was, geïdentifiseer, naamlik vertikale en horisontale akkulturasie. Opwaartse en afwaartse vertikale akkulturasie het tussen die dominante kultuur van die meesters waarbinne die slawe hulleself as immigrante en arbeiders bevind het en die "nuwe" kulture wat die slawe met hulle saamgebring het, plaasgevind.³ Die sosiale verhouding tussen meester en slaaf is hoofsaaklik deur arbeid bepaal en het verskil van die meer persoonlike en intieme sosiale verhoudings tussen die slawe onderling.⁴ Horisontale akkulturasie wat tussen die subkulture van die onderskeie slawegroepe plaasgevind het,⁵ het onder meer ontstaan uit 'n behoefte aan beskerming en troos te midde van 'n ongenaakbare slawebestel.⁶ Dit is voorts in die hand gewerk deur slawe van uiteenlopende kulture wat binne dieselfde huishouding moes funksioneer en in voortdurende noue kontak met mekaar was.

Die kultureel, linguistiese en etnies heterogene Kaapse samelewing was van die sewentiende tot negentiende eeu die ideale teelaarde vir akkulturasie. In dié poliglote samelewing is die

¹ R. Elphick en R. Shell, *Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 168.

² A. Davids, *Afrikaans - die produk van akkulturasie*, in G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 113.

³ R. Ross, *Cape of Torments*, p. 15.

⁴ A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims*, Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 2.

⁵ R. Ross, *Cape of Torments*, p. 15.

⁶ A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims*, Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 2.

Europese kultuur deur Nederlanders, Duitsers, Franse, Engelse⁷ en selfs Skandinawiërs⁸ verteenwoordig en die Asiatiese kultuur deur voormalige Bataafse amptenare en veral die groot verskeidenheid slawe, bannelinge en vryswartes wat hoofsaaklik uit vier wêreldstreke, te wete die Indonesiese Argipel, Bengale, die Suid-Indiese kus en Ceylon (Sri Lanka) sowel as Madagaskar afkomstig was, terwyl die Afrikakultuur deur die inheemse Khoikhoi en San, sowel as die slawe afkomstig van die oostelike en westelike kusgebiede van Afrika, verteenwoordig is.⁹

Kulturele fusie het tussen die Europese meesters en die slawe van Asiatiese en Afrika-oorsprong plaasgevind. Die akkulturasieproses het ook aanpassing van beide groepe by nuwe lewensomstandighede geïmpliseer wat deur die geografie en klimaat, sowel as die ekonomiese en sosiale omstandighede van 'n nuwe land bepaal is. Kontak met die inheemse Khoikhoi en San sou 'n bykomende dimensie aan die akkulturasieproses verleen.

Soos reeds vermeld, is die Kaapse kultuurgeskiedenis van die sewentiende tot negentiende eeu gekenmerk deur 'n neiging tot homogeniteit binne drie bepaalde streke,¹⁰ naamlik die stedelike gebied met Kaapstad as die middelpunt, die Suidwes-Kaapse akkerbougebied en die afgeleë veeboerstreke van die noordelike en oostelike binneland.¹¹ As uitwendige kulturele determinante het beide die fisies-geografiese sowel as sosio-kulturele omgewing 'n bepalende rol in die ontwikkeling van unieke kultuurpatrone binne die bepaalde streke gespeel. Binne die onderskeie streke het 'n eiesoortige akkulturasieproses hom tussen die Europese, Oosterse en Afrikakulture voltrek. Volgens Elphick en Shell was die vernaamste kultuurklowe in die Kaapkolonie gedurende die laat-agtiende eeu nie meer dié tussen etniese of statusgroepe nie, maar dié tussen streke.¹²

Wat die stedelike gebied as kulturele entiteit betref, was Kaapstad 'n hawestad en herberg op die besige skeepsroete van die wêreldwye speseryhandel met die Ooste, terwyl dit ook die administratiewe- en handelsentrum van die Kaapkolonie was. Daarbenewens was die Kaapstadse hawe 'n depot vir die oorsese slawehandel, sowel as die hoofverspreidingspunt vir alle ingevoerde slawe. Binne dié stad met sy kosmopolitaanse karakter het die Europese en Asiatiese kulture gefloreer en is elemente van beide kulture deur Kompanjiesamptenare, burgers, slawe en vryswartes gedeel.¹³ Kultuurbeïnvloeding was 'n wederkerige proses en vertikale sowel as horisontale akkulturasie het in dié heterogene stedelike milieu plaasgevind. Wat opwaartse vertikale akkulturasie betref, het Indonesiese en Indiese subkulture 'n merkbare invloed op die Europeërs uitgeoefen soos blyk uit Oosterse elemente, soos *atjar*, *sosaties* en *bobotie*, wat 'n belangrike rol in die vestiging van 'n Kaapse kooktradisie gedurende die

⁷ R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 172.

⁸ R. Ross, *Cape of Torments*, p. 15.

⁹ *Ibid.*, p. 13.

¹⁰ R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 172.

¹¹ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 12.

¹² R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 172.

¹³ *Ibid.*, pp. 172 - 173.

agtiende eeu gespeel het,¹⁴ die kreolisering van die Nederlandse taal,¹⁵ die Kaaps-Hollandse argitektuur¹⁶ en die musiek.¹⁷ Akkulturasie is hoofsaaklik bewerkstellig deur formele en informele kontak met geskoolde Oosterse ambagslui, huisslawe wat onder meer kokke, soogvroue en kamerbediendes ingesluit het en vryswartes van wie sommige as grondbesitters in Tafelvallei die bure van Europeërs was.¹⁸ Weens die sosiale vloeibaarheid en 'n gebrek aan Europese vroue vir die koloniste en amptenare in Kaapstad¹⁹ sowel as die teenwoordigheid van 'n groot aantal soldate en matrose was die bloedvermengingskoerse hoog,²⁰ wat gelei het tot die ontstaan van 'n nuwe geslag Suid-Afrikaners wat as Kaapsgeborenes 'n belangrike invloed op die kreolisering van die taal sou uitoefen.²¹ In dié opsig sou dit veral die slavinne wees wat die taalpatrone van hulle eie kinders sowel as dié van hulle eienaars se kinders wat hulle moes soog, versorg en oppas,²² beïnvloed het. Kiparsky het tereg opgemerk: "... a language is created by each child on the basis of the speech data it hears."²³

In die VOC-tydperk het gedwonge afwaartse vertikale akkulturasie in Kaapstad plaasgevind deurdat die dominante Europese kultuur in 'n sekere sin deur die voorwaardes wat die Kompanjie vir die vrystelling van slawe daargestel het, op potensiële vry slawe afgeforseer is. Om vrygestel te kon word, moes slawe die Nederlandse taal praat en in die Kaapse Kerk gedoop wees.²⁴ Elemente van die dominante Europese kultuur wat deur die afwaartse vertikale akkulturasieproses in die slawesubkultuur opgeneem is, blyk onder meer uit die gebruik van Arabiesafrikaans as godsdienstaal van die Kaapse Moslemslawe en vryswartes sowel as die ontstaan van Kaapse Moslemafrikaans as gemeenskapstaal aan die begin van die negentiende

-
- ¹⁴ R. Coetzee, *Spys en drank. Die oorsprong van die Afrikaanse eetkultuur met 167 outentieke resepte*, pp. 39 en 44 - 47.
- ¹⁵ R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, pp. 11 en 27 - 31; A. Davids, Afrikaans - die produk van akkulturasie, in G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, pp. 113 - 114.
- ¹⁶ R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 167; A. Davids, Afrikaans - die produk van akkulturasie, in G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 113.
- ¹⁷ A. Davids, Music and Islam: an ethnomusicological view, *Boorhaan Islam* 32(1), 1997, p. 13.
- ¹⁸ J.L. Hattingh, Grondbesit in die Tafelvallei, *Kronos* 10, 1985, pp. 39 - 48.
- ¹⁹ G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 17.
- ²⁰ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 147; A. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, pp. 78 - 80.
- ²¹ R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, pp. 5 - 6 en 25 - 26; A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, pp. 15 en 18.
- ²² A. Davids, Afrikaans - die produk van akkulturasie, in G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 110.
- ²³ P. Kiparsky, Linguistic universals, in A.R. Keiler (red.), *A reader in historical and comparative linguistics*, p. 342.
- ²⁴ A. Böeseke (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, pp. 158 en 217; A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, *journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, pp. 210 - 211; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 413.

eeu.²⁵ Die kernwoordeskat van Kaapse Moslemafrikaans is van Nederlandse oorsprong.²⁶ Daarbenewens is Nederlandse volksliedere, wat aan die begin van die blanke nedersetting deur die koloniste vanaf Europa na die Kaap gebring is, deur die Oosterse slawe aangeneem en die aangepaste weergawe as vermaak aan hulle meesters voorgesing.²⁷ Op dié wyse is van die lirieke van Nederlandse volksliedjies in die tradisionele Kaapse Maleierliedere opgeneem.²⁸ Elemente van die Europese kooktradisie is met sekere aanpassings ferm in die Kaaps-Maleise koskultuur gevestig.²⁹

Terwyl die akkerbou- en veeboerstreke deur die afwesigheid van 'n gemeenskaplike slawekultuur gekenmerk is, blyk dit uit voorafgaande dat 'n eiesoortige onafhanklike slawekultuur en -lewenswyse wel in Kaapstad herkenbaar was. Dié stedelike sosiale en kulturele milieu waarbinne die slawekultuur ontwikkel het, het aansienlik van dié waarbinne die plattelandse slawe hulleself bevind het, verskil. Die stedelike milieu is gekenmerk deur nouer onderlinge kontak tussen slawe van verskillende meesters en groter sosiale vloeibaarheid. Daarbenewens het veral Islam die basis vir die ontwikkeling van 'n bepaalde sosio-religieuse slawegemeenskap met 'n eie kulturele identiteit, wat deur Oosterse sowel as Europese elemente gekenmerk is, verskaf.³⁰ Weens die teenwoordigheid van etnies en kultureel heterogene slawe het die Kaapse Moslemgemeenskap, deur 'n proses van onderlinge akkulturasie, eiesoortige tradisies ontwikkel wat dit enig in sy soort maak.³¹ Hierdie herkenbare stedelike slawesubkultuur sou voorts die basis van die werkersklaskultuur in die negentiende eeuse Kaapstad vorm.

Alhoewel die meeste slawe in die Kompanjiestyd in die arbeidsintensiewe Suidwes-Kaapse akkerbougebied werksaam was, is die streek deur die afwesigheid van 'n gemeenskaplike slawekultuur gekenmerk. Dié tendens het verskil van dié in die Afro-Amerikaanse slawegemeenskappe van die Nuwe Wêreld waar 'n duidelike waarneembare gemeenskaplike slawekultuur, danksy 'n groot mate van homogeniteit onder die plantasieslawe, ontwikkel het.³² Bepaalde faktore sou 'n deurslaggewende rol speel in die individualisering van Kaapse akkerbouslawe wat die ontwikkeling van 'n eie unieke gemeenskaplike slawekultuur ernstig sou strem.

Een van die belangrikste faktore in dié verband was die etniese en kulturele heterogeniteit van die akkerbouslawe wat 'n wye verskeidenheid Afrika- en Asiatiese kulture verteenwoordig het.

²⁵ A. Davids, The role of Afrikaans in the history of the Cape Muslim community, in H. du Plessis en T. du Plessis (reds.), *Afrikaans en taalpolitiek: 15 opstelle*, pp. 37 - 38, 49 - 53; A. Davids, Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans, in P. Hartevelt (red.), *Lexikos 2*, p. 39; A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 45; A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 69.

²⁶ A. Davids, Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans, in P. Hartevelt (red.), *Lexikos 2*, pp. 39 en 45.

²⁷ A. Davids, Music and Islam: an ethnomusicological view, *Boorhaanol Islam* 32(1), 1997, p. 13.

²⁸ A. Davids, We're all part of SA's cultural cauldron, *Cape Argus*, 1997-09-24, p. 10; A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims*, Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 3; I.D. du Plessis, Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse kultuur, in P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, pp. 80 - 81; I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, pp. 40 - 41.

²⁹ F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*, p. 69; R. Coetzee, *Spys en drank. Die oorsprong van die Afrikaanse eetkultuur met 167 outentieke resepte*, p. 84.

³⁰ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 86, 93 en 100.

³¹ A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 95; A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims*, Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, pp. 1 - 5.

³² N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 12, 93 en 100.

Daar was geen groot groep slawe met 'n enkele kultuurerfenis nie.³³ Geen etniese groep is doelbewus binne 'n bepaalde milieu gevestig nie, en slawe was eweredig en wyd onder die burgerbevolking versprei.³⁴ Meer as die helfte van die Kaapse akkerbouslawe het in 1750 in groepe van vyf of minder³⁵ op die meerderheid kleiner akkerbouplase saamgewoon. Die beperkte grootte van die meeste plase het die opbloeï van 'n slawekwartier-lewenswyse in die wiele gery en talle akkerbouslawe het in isolasie van mekaar geleef. Daar was 'n duidelike onderskeid tussen die landarbeiders en die huisslawe op die akkerbouplaas. Die huisslawe was gewoonlik in 'n meer bevoorregte posisie as die ander slawe en is gewoonlik onder dieselfde dak as hulle meester gehuisves, terwyl die ander plaasslawe in slawekwartiere moes woon.³⁶ Die noue kontak wat die huisslawe met hulle meesters gehad het, het onteenseglik 'n bepalende invloed op akkulturasie uitgeoefen.

Die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike slawekultuur in die akkerboustreek is voorts deur die gebrek aan stabiele slawefamilies in die wiele gery.³⁷ Tot die negentiende eeu is slawe nie toegelaat om te trou nie en is geen slawehuwelike deur die owerhede erken nie aangesien "die huwelik onversoenbaar met slawerny"³⁸ was. Die permanensie van slawefamilie-eenhede is veral deur die opbreek van slawegesinne tydens veilings en verkope beperk.³⁹ Lae vrugbaarheid (veral onder lakterende slawesoogvroue),⁴⁰ hoë mortaliteit, 'n gebrek aan privaatheid op die kleiner plase⁴¹ en 'n wanbalans in die geslagsverhoudings van die Kaapse slawebevolking met vyf mans vir elke vrou, het dit vir die slawe moeilik gemaak om hulleself voor 1807 voort te plant. Dié gebrek aan generasiekontinuiteit, wat die oordrag van waardes van een geslag na 'n ander kon verseker, het negatief op die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike kultuur met 'n duidelike kulturele identiteit ingewerk. Daar was te min seuns en dogters en te veel nuwe slawe-immigrante.⁴² Daarbenewens het die drupsgewyse invoer van die meeste Kaapse slawe gedurende die hele agtiende eeu en hulle hervestiging in die akkerboustreek die ontwikkeling van 'n verbonde Kaapsgebore slawegroep met 'n eie tradisie en lewenswyse teëgewerk.⁴³

Die afwesigheid van kerk- en sosiale instellings waarbinne nuwe slawe na hulle aankoms opgeneem kon word, was 'n bydraende faktor tot die gebrek aan 'n gemeenskaplike slawekultuur. Voor die vestiging en konsolidasie van Islam in die laat-agtiende en negentiende

³³ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 3, 93 en 95; R. Elphick en R. Shell, *Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 168.

³⁴ R. Elphick en R. Shell, *Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 173; R.C.-H. Shell, *the tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834*, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 19.

³⁵ R. Elphick en R. Shell, *Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 172.

³⁶ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 12, 86 en 90; R. Elphick en R. Shell, *Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 168.

³⁷ R. Ross, *Cape of Torments*, p. 16; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 95.

³⁸ W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, pp. 15 - 16.

³⁹ W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, pp. 33 - 34.

⁴⁰ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 304 - 306.

⁴¹ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 95.

⁴² R. Ross, *Cape of Torments*, p. 16.

⁴³ *Ibid.* p. 15; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 93. R. Ross, *Cape of Torments*, p. 15.

eeu, was daar geen godsdiensinstellings onder die slawe nie.⁴⁴ Alhoewel slawe wel in die Kaapse Kerk gedoop is, is hulle nie in die sosiale strukture opgeneem nie. Daar is eers teen die vroeg-negentiende eeu met sendingwerk onder slawe begin.⁴⁵ Islam het aan die slawe 'n beter heenkome van hoop, sekuriteit, gelykheid en sosiale verbondenheid gebied.⁴⁶ Dit was onder meer die gevolg van die slawe se uitsluiting van Christelike godsdiens wat deur 'n wet van 1770, wat die verkoop van gedoopte slawe belet het, in die hand gewerk is.⁴⁷ Dié wet, waardeur die besitreg van slawe-eienaars bedreig is, het tot gevolg gehad dat eienaars doelbewus geen poging aangewend het om hulle slawe tot die Christelike geloof te kersten nie.⁴⁸ In die 1750's het N.L. de la Caille opgemerk dat "... the farmers never talk to their slaves about religion".⁴⁹

Weens die afwesigheid van horisontale akkulturasie, waardeur die ontwikkeling van 'n eie gemeenskaplike slawekultuur geknou is, het vertikale afwaartse akkulturasie van die dominante kultuur van die Europese meesters wel plaasgevind. Die akkerbouslawe het die Europese kultuur van hulle meesters waarskynlik meer geredelik aanvaar en die akkerboustreek is as sodanig deur die assimilasië van slawe in die Europese kultuur gekenmerk.⁵⁰ Alhoewel hulle in 'n groot mate die dominante Europese kultuur geabsorbeer het, is Ross van mening dat nie alle norme en waardes deur die slawe aanvaar is nie en hulle slegs sekere aspekte, soos taal en bepaalde elemente van die algemeen kreools Kaapse kultuur, hulle eie gemaak het.⁵¹ Weens die teenwoordigheid van huisslawe en ambagslawe en die noue kontak tussen eienaars en huisslawe, soos kokke, soogvroue en lyfbediendes, het akkulturasie ten opsigte van veral die taal, koskultuur, musiek, argitektuur en meubelbou plaasgevind. Oosterse ambagslui, veral pleistersaars, het hulle stempel op die Kaaps-Hollandse huis van die akkerboustreek afgedruk. Opwaartse vertikale akkulturasie het dus wel plaasgevind, alhoewel nie so dominant soos afwaartse vertikale akkulturasie nie. Dit wil dus voorkom asof slawe en Europeërs in die Suidwes-Kaapse akkerboustreek 'n kultuur gedeel het wat oorwegend van Europese oorsprong was.⁵²

In die afgeleë veeboerstreke het faktore, soos klimaat, afstande van die mark en beskikbare weiding, akkerbou beperk en die tradisionele herderse ekonomie van die Khoikhoi en verwante kulturele patrone bevorder. Dié kultuur is verder in die hand gewerk deur die afname in bevolkingsdigtheid van beide Europeërs en slawe, die afname in materiële rykdom wat die aankoop van die duurder Oosterse slawe beperk het en isolasie van Kaapstad en Europa. Binne die saamgestelde kultuur van die veeboerstreke was die invloed van die Khoikhoikultuur duidelik sigbaar, terwyl die Asiatiese kulture 'n beperkte invloed uitgeoefen het. Dié kultuur is

⁴⁴ R. Ross, *Cape of Torments*, p. 16; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 95.

⁴⁵ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 86 en 97.

⁴⁶ A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. xxiii.

⁴⁷ G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX*, pp. 131 - 132.

⁴⁸ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 358; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 274 - 275.

⁴⁹ N. L. de la Caille, *Travels at the Cape 1751 - 53* (red. R. Raven-Heart), p. 35.

⁵⁰ R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 173.

⁵¹ R. Ross, *Cape of Torments*, p. 17.

⁵² R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 172.

veral gekenmerk deur die aanvaarding van 'n aangepaste vorm van die herders- en jagekonomie van die Khoikhoi deur beide koloniste en slawe.⁵³

Ongeag bogenoemde kulturele homogeniteit binne die onderskeie Kaapse streke sou Europeërs, Asiate en Afrikane, wat elk oor 'n eie kultuurerfenis beskik het, deur 'n voortgesette akkulturasieproses oor streke heen bepaalde kulturele gemeenskaplikhede deel wat hulle as 'n nasie en kultuurgroep sou saambind. Die bydrae van die slawe deur middel van akkulturasie tot sekere elemente van die Kaapse en breër Suid-Afrikaanse kultuur, word vervolgens ondersoek.

Medegrondeleggers van die Afrikaanse taal

Die belangrikste bydrae van die Kaapse slawe tot die Suid-Afrikaanse kultuur sou op die gebied van die Afrikaanse taal wees. Aangesien dit 'n kultuurhistoriese studie is, is dit onnodig om ernstige bemoeienis met die jarelange debat en polemieë van taalkundiges rondom die teenstrydige opvattinge oor die bydrae van die slawe tot die Afrikaanse taal te maak. Kultuurhistorici en filoloë se benadering ten opsigte van dié onderwerp verskil in dié sin dat kultuurhistorici groot waarde heg aan die sosiale agtergrond waarteen bepaalde kultuurverskynsels hulleself manifesteer, terwyl sekere filoloë wat die ontstaan van die Afrikaanse taal bestudeer het, geneig was om die sosiaal-historiese data te onderbeklemtoon en hulleself hoofsaaklik met die konkrete linguïstiese data te bemoei. Die taalhistorikus Raidt het in 1976 sodanige standpunt as volg in haar boek *Afrikaans en sy Europese verlede* verwoord:

Vir die taalhistorikus is konkrete voorbeelde van taalgebruik egter van primêre belang; hulle is die grondslag vir sy navorsing. Hoewel sosio-linguïstiese gegewens belangrik kan wees, het hulle *slegs aanvullende waarde*.⁵⁴

Vir die kultuurhistorikus speel die sosiaal-historiese agtergrond egter 'n wesenlik belangrike rol in die beskrywing en verklaring van kultuurverskynsels en -merkers soos taal.

Onder kontemporêre taal- en kultuurkenners bestaan die persepsie dat sekere taalgeskiedskrywers in die verlede juis deur middel van 'n filologiese benadering ten opsigte van die kontroversiële ontstaansgeskiedenis van Afrikaans die kreoolse oorsprong van sy sprekers gekamofleer het om 'n Europese herkoms voor te hou en die taal 'n wit purisme te gee.⁵⁵ Hiervolgens is die oorsprong van Afrikaans in "sy Europese verlede"⁵⁶ gesoek, genetiese taalstudies gedoen wat die bydrae van gekleurdes tot die minimum beperk het⁵⁷ of die taal se

⁵³ R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, pp. 169 - 170.

⁵⁴ E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, p. 200.

⁵⁵ A. Davids, Afrikaans - die produk van akkulturasie, in G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan E.H. Raidt*, p. 112; A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 2.

⁵⁶ E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, pp. 154 - 223.

⁵⁷ J. Combrinck, Afrikaans - its origin and development, in W.L. Lanham en K.P. Prinsloo (reds.), *Language and Communication studies in South Africa*, p. 75.

ontstaan is as 'n spontane ontwikkeling uit sewentiende-eeuse Nederlands verklaar.⁵⁸ In laasgenoemde word vreemde invloede wel erken, maar word dit nie as vormingsfaktor van die siel van Afrikaans gereken nie. Afrikaner-akademici het Hesseling se "Maleis-Portugese teorie",⁵⁹ waarvolgens Afrikaans as gemende taal uit die interaksie van Portugees en Maleis met Nederlands ontstaan en halfpad deur die kreoliseringsproses tot stilstand gekom het, sowel as Valkhoff⁶⁰ se standpunt dat Afrikaans prosesse van pidginisering en kreolisering in sy ontstaan deurloop het, verwerp.⁶¹

Terwyl sekere taalhistorici dus 'n filologiese benadering ten opsigte van die ontstaan van Afrikaans gehandhaaf en die taal as akkulturasieprodukt onderskat het, wil die kultuurhistorikus die ontstaan van Afrikaans in die sosiale omstandighede, die poliglotsamelewing aan die Kaap met sy kulturele, etniese en linguïstiese diversiteit waarbinne ideale geleentheid vir taalkontak en akkulturasie bestaan het, soek.⁶² Die interafhanklikheid tussen die onderskeie taal- en kultuurgroepe het noodwendig die vermenging van tale en kulture tot gevolg gehad. Die standpunt van Davids dat die oorsprong van Afrikaans in die kreoolse kultuur wat aan die Kaap ontstaan het te vinde is, en dat die taal as die belangrikste produk van die sewentiende en vroeg-agtiende-eeuse akkulturasieproses binne die multi-kulturele Kaapse samelewing beskou kan word,⁶³ is dus vanuit 'n kultuurhistoriese perspektief logies en voor-die-hand-liggend.

Die akkulturasieproses waardeur die Afrikaanse taal tot stand gekom het, het 'n interessante pad geloop. Die etniese en kulturele diversiteit van die Kaapse samelewing het by implikasie taalverskeidenheid en kommunikasieprobleme tussen slawe onderling en tussen meesters en slawe tot gevolg gehad.⁶⁴ Die plaas Babijlonsche Toorn van Pieter van der Bijl in die Drakenstein-distrik is 'n goeie voorbeeld van kulturele, etniese en linguïstiese diversiteit onder slawe binne 'n bepaalde opset wat potensieel tot taalverwarring aanleiding kon gee. In die 1690's het Van der Bijl individuele slawe van Makassar, Bengale, Malabar, Ternate en Malakka aangekoop,⁶⁵ terwyl die inheemse Khoikhoi, wat seisoenale arbeid op sy plaas verrig het en in die tyd ook verplig was om Frans te leer praat, 'n verdere bydrae tot die taalmengelmoes gelewer het. Die taalverskeidenheid op die plaas wat onder meer Nederlands, Frans, Hindi, Khoikhoi, Maleis en Portugees ingesluit het, het tot die gepaste naamgewing deur Van der Bijl van die plaas aanleiding gegee.⁶⁶ Daarbenewens bevestig die kriminele rekords die taaldiversiteit van slawe binne die Kaapse huishoudings.⁶⁷ Tydens 'n ondervraging van al die

⁵⁸ H.J.J.M. van der Merwe, *Ontstaansteorieë oor Afrikaans*, in H.J.J.M. van der Merwe (red.), *Studierigtings in die taalkunde*, 1964; J.J. Smith, *Theories about the origins of Afrikaans*, 1952; S.P.E. Boshoff, *Volk en taal van Suid-Afrika*, 1923; S.A. Louw, *Dialekvermenging en taalontwikkeling: proewe van Afrikaanse taalgeografie*, 1948.

⁵⁹ D.C. Hesseling, *Het Afrikaans, bijdrage tot de geschiedenis der Nederlandsche taal*, 1899.

⁶⁰ M.F. Valkhoff, *Studies in Portuguese and Creole with special reference to South Africa*, 1966.

⁶¹ D.B. Bosman, *Oor die ontstaan van Afrikaans*, 1923; E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, p. 202.

⁶² A. Davids, *Afrikaans – die produk van akkulturasie*, in G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, pp. 110 en 118.

⁶³ *Loc. cit.*

⁶⁴ J.C. Armstrong, *Die slawe, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 89; R.C.-H. Shell, *The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834*, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 27.

⁶⁵ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 59.

⁶⁶ *Loc. cit.*

⁶⁷ J.L.M. Franken, *Vertolking aan die Kaap in Maleis en Portugees*, *Die Huisgenoot* 14(425), 1930-05-23, pp. 41, 65, 67 en 69; *Ibid.*, 14(429), 1930-06-20, pp. 47 en 71; *Ibid.*, 14(430), 1930-06-27, pp. 43, 65 en 67; *Ibid.*, 14(432), 1930-07-18, pp. 41, 65, 67, 69, 71 en 73.

slawe op die plaas Klapmuts van Daniel Pheijl in 1726 het die slawe hulle verklarings in verskillende tale voor die tolke afgelê: Hercules van Boegies en Cupido van Padang, wat beide van die Indonesiese Argipel afkomstig was, het in Maleis getuig; Scipio van Bengale het sy verklaring in Portugees afgelê, terwyl slegs Jacob van Cochin in Nederlands getuie afgelê het.⁶⁸ Die ingevoerde slawe aan die Kaap het basies sewe hoofale en veertien dialekte uit die Maleis-Polinesiese taalfamilie en 'n verskeidenheid Portugeese kreole met hulle saamgebring.⁶⁹ Uit sy navorsing het Shell tot die gevolgtrekking gekom dat die mees algemene tale wat deur die ingevoerde slawe gepraat is Boeginees, Chinees, Nederlands, Javanees, Malgassies, Maleis en Portugees was.⁷⁰ Wat die primêre bronne betref, is die veeltalige Nederlandse predikant Valentyn in 1728 aangegryp deur die verbysterende verskeidenheid "natieën" en tale aan die Kaap. Volgens hom het dit Nederlanders, Engelse, Franse, Duitsers, Savoyarde, Italianers, Hongare, Maleiers, Malabare, Singalese, Makassars, Baniane, Amboinese, Bandanese, Boeginese, Chinese, Madagaskarene, Angolese, bewoners van Guinee en die Kaap Verdiese Eilande ingesluit, waarmee in Nederlands, Maleis en Portugees gekommunikeer kon word.⁷¹ Inderdaad 'n poliglotsamelewing, 'n bonte mengelmoes wat taalverwarring in die hand kon werk! In die 1760's het 'n Oosterse waarnemer opgemerk dat dit weens die kommunikasieprobleem nie vreemd vir Kaapse slawe was om in vingertaal en "vreemde geluide" met mekaar te kommunikeer nie.⁷² 'n Brief wat in die Boeginese taal geskryf is (**Fig. 30**), dui daarop dat sommige ingevoerde slawe wel 'n mate van etniese, kulturele en groepsidentiteit binne die taal- en kultuurmengelmoes gehandhaaf het.⁷³ Naas Maleis was Boeginees een van die dominante Oosterse slawetale in die agtiende eeu aan die Kaap⁷⁴ en die brief is voorts 'n aanduiding van geletterdheid en geskrewe kommunikasie onder veral die Boeginese slawe.

Binne die tale-chaos en verwarring het 'n dringende behoefte aan 'n gemeenskaplike kommunikasiemedium tussen slawe onderling en tussen slawe en meesters ontstaan. Dit het tot die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike *lingua franca* of spreektaal gelei wat aanvanklik 'n Portugees kreoolse taal of Laagportugees was wat, veral tydens die Kompanjies tyd, algemeen in gebruik was,⁷⁵ terwyl 'n ontwikkelende vorm van Nederlands of gekreoliseerde Nederlands veral sedert die laat-agtiende eeu tussen slawe en meesters en slawe onderling gebesig is⁷⁶ wat uiteindelik tot die ontstaan van Afrikaans sou lei.

⁶⁸ Algemene Rijksarchief, Den Haag: VOC 4102: Criminele Process Stukken, soos aangehaal in R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 60.

⁶⁹ J. Crawford, *History of the Indian Archipelago II*, p. 130.

⁷⁰ R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 27.

⁷¹ F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoop met de zaaken daar toe behoorende I*, pp. 170 - 171.

⁷² V. de Kock, *Those in bondage*, p. 52.

⁷³ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 60 - 61; J.L.M. Franken, Vertolking aan die Kaap in Maleis en Portugees, *Die Huisgenoot* 14(432), 1930-07-18, p. 41.

⁷⁴ A. Davids, Words of the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, pp. 9 - 10.

⁷⁵ J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 89; R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, pp. 28 - 29.

⁷⁶ J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 89.

Primêre bronne bevestig die bestaan van 'n kreoolse Portugees of Laagportugees as kommunikasiemedium aan die Kaap in 'n tydperk toe die Kaapse slawebevolking uit 'n groot aantal ingevoerde slawe bestaan het.⁷⁷ Dit is juis die deurlopende invoer van slawe van diverse landstreke en voormalige Portugeese kolonies in die Indiese Oseaan-gebied, waar 'n kreoolse vorm van Portugees (Maleis-Portugees) as handels- en seemanstaal gebesig is,⁷⁸ wat die pogings van die Kaapse owerhede om die Nederlandse taal ten koste van die kreoolse Portugees te bevorder, laat misluk het.⁷⁹ Met die aankoms van die eerste groot groep Angolese slawe aan boord van die *Amersfoort* in 1658, was Jan van Riebeeck in besit van instruksies waarin die Heere XVII hom onder meer opdrag gegee het om toe te sien dat die Portugeese taal nie aan die Kaap gevestig word nie:

Met de compste van de slaven sal UW. seer sorghvuldigh sijn geen Portugeese tael hier in te voeren, maer 't selve met alle middelen voorkomen, vooral met d' officieren geen goet voorganger sijnde, alsoo hieraen veel gelegen leyd, ende sal UED. geen tael als ons moedertael tegens de slaven gebruyken, en niet gedogen dat ze anders spreekken dat by verloop van jaren gerustheydt sal connen geven.⁸⁰

Verdere pogings om die gebruik van Nederlands ten koste van Portugees onder die slawe te bevorder deur die vlot praat van die Nederlandse taal as voorwaarde vir vryheid te stel, het misluk en die Kaap het dieselfde pad as die VOC-kolonies in Oos-Indië geloop waar Portugees oorleef het en in 'n stadium selfs met Nederlands as kommunikasiemedium meegeding het.⁸¹ Dit was nie 'n suiwer vorm van Portugees nie, maar soos Godée-Molsbergen dit beskryf het, "niet in de zuivere vorm die in Portugal gesproken word, maar toch als zeemanstaal, Portugees vermengd met woorden uit het Maleis en andere talen".⁸² Macrone konstateer dat die kreoolse Portugees wat algemeen deur die Kaapse slawe gepraat is, inderdaad Maleis-Portugees was en dat dié kommunikasietaal ook deur die koloniste met hulle slawe gebesig is.⁸³ Uit die waarnemings van besoekers en reisigers blyk dit dat die stelling korrek is. Kolbe, wat vanaf 1705 - 1713 aan die Kaap was, het onder meer van Portugees as kommunikasiemedium onder die slawe melding gemaak: "Ondertusschen niet tegenstaande ik hebbe gezegt, dat zy niet eenerlei taal hebben, zoo moet ik echter de Portugeesch daar van uitzonderen, om dat zy, van waar zy komen, schier allen dezelve verstaan en spreken, ten minsten in korten tyd van elkander leren."⁸⁴ Daarbenewens het hy selfs aan die Kaap "eenige woorden van de Portugeesche taal geleert, zoo dat ik eisschen konde, het geen ik van noden had, en niet hoefte beducht te zyn, dat ik van slaven zoude bedrogen worden".⁸⁵ In die 1740's het Otto Mentzel opgemerk dat die Oosterse slawe 'n algemene slawetaal of *lingua franca* van Portugeese oorsprong en wat maklik aangeleer kon word, aan die Kaap ingevoer het. Die taal is, volgens hom, vir jare reeds deur Christenslawe en selfs halfslag Khoikhoi gepraat.⁸⁶ Daarbenewens het

⁷⁷ R.C.-H. Shell, *The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834*, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 29.

⁷⁸ I. Bird, *The golden cheronese and the way thither*, pp. 19 - 22.

⁷⁹ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 94.

⁸⁰ E.C. Godée Molsbergen, *Jan van Riebeeck en zijn tijd*, p. 94.

⁸¹ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 94.

⁸² E.C. Godée Molsbergen, *Jan van Riebeeck en zijn tijd*, pp. 94 - 95.

⁸³ I.D. Macrone, *Race attitudes in South Africa*, p. 75.

⁸⁴ P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschrijving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 150.

⁸⁵ *Ibid. II*, p. 71.

⁸⁶ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 56.

hy melding gemaak van die plaasslawe wat saans om die vuur ontspan het, terwyl hulle stories van hulle vaderland in Portugees vertel het.⁸⁷ In 1765 was die besoekende mevrou Kindersley verras deur die ongewone situasie wat aan die Kaap bestaan het waarvolgens die slawe nie Nederlands aangeleer het nie, maar dat die Nederlanders wel hulle Portugeese dialek – wat ‘n bedorwe of verbasterde vorm van Portugees is – aangeleer het.⁸⁸ Slawemeesters het waarskynlik dié vorm van Laagportugees gebesig in ‘n poging om kommunikasie met hulle slawe te verbeter. Anders Sparrman het in die 1770’s telkens melding gemaak van die gebruik van gebroke Portugees en Maleis onder die slawe en selfs die Khoikhoi.⁸⁹

Met voortgesette slawe-invoere is taalakkulturasië deur ‘n chaotiese en dinamiese proses gekenmerk.⁹⁰ Die Kaapse taalmengelmoes is in die 1770’s deur Sparrman beskryf: “At mealtimes, various European dialects, together with the languages used in commerce with the Indians, viz. the Malay, and a very bad kind of Portuguese, were spoken at one time, so that the confusion was almost equal to that of the Tower of Babel.”⁹¹

Die kreoolse Portugeese taal, wat as Maleis-Portugees bekend gestaan het, is teen die einde van die agtiende en die eerste dekade van die negentiende eeu deur Maleis vervang, wat toe as gesproke en geskrewe medium in die Arabiese skrif, die godsdienst- en gemeenskapstaal van die Kaapse Moslems geword het.⁹²

Soos reeds opgemerk, is daar behalwe Laagportugees, ook ‘n vorm van ontwikkelende Nederlands tussen slawe en hulle meesters gepraat.⁹³ As ondergeskiktes was dit vir die slawe en Khoikhoi lewensnoodsaaklik om ook die taal van hulle meesters aan te leer. Met die aanleer van Nederlands het hulle radikale vereenvoudigings aan die taal aangebring. Die vermenging van leksikale items sowel as ‘n ontwrigte sintaksis dui op pidginisering wat ‘n noodsaaklike stap in die aanleer van ‘n taal is. Alhoewel die gesproke Nederlands van die koloniste ‘n minder opmerkbare pidgin openbaar, is ‘n pidgin stadium in die taal van die slawe en Khoikhoi duidelik te bespeur en dit op sigself het weens taalkontak, tot die kreolisering van die gesproke Nederlands van die meesters gelei.⁹⁴ Raidt verskaf inderdaad voorbeelde van ‘n pidgin onder hierdie groepe wat gedurende die eerste 75 jaar van die nedersetting voorgekom het. Hieruit blyk duidelik die gebruik van *ons* in plaas van die Nederlandse *wij* in subjek- of onderwerpsfunksie en die verkorte werkwoord sonder die Nederlandse meervoudsuitgange, byvoorbeeld *ons sal, ons wil, ons het*, in plaas van *wij zullen, wij willen, wij hebben* ensovoorts.⁹⁵

⁸⁷ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 109.

⁸⁸ Mrs. Kindersley, *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope, and the East Indies*, p. 66.

⁸⁹ A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope towards the Antarctic Polar Circle round the world and to the country of the Hottentots and the Caffers from the year 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), pp. 73, 89 en 280.

⁹⁰ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 63.

⁹¹ A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 58

⁹² R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 63; A. Davids, Words of Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 9.

⁹³ J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 89.

⁹⁴ A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, in G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, pp. 113 - 114.

⁹⁵ E. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, pp. 111 - 113.

In die aanleer van die meesters se taal het die slawe en Khoikhoi hierdie Nederlands by die grammatikale beperkings van hulle eie tale aangepas. Beide die Maleis-Polinesiese en Khoisantale word deur 'n eenvoudige grammatika gekenmerk. In die opsig kom kreolisering ook ter sprake, aangesien kreolisering onder meer die akkommodasie van die vereenvoudigde woordeskat van die dominante taal (Nederlands) in die grammatikale struktuur van die moedertaal veronderstel.⁹⁶ Volgens Brown kan pidgins beskou word as meervlakkige generatiewe sisteme wat die skepping van kreole onderlê.⁹⁷ Pidginisering toon ook die aanpassing, verplasing en akkommodasie wat nodig is in die proses van akkulturasie en kodewisseling wat uit taalkontak voortspruit. Die groot verskeidenheid slawetale en dialekte sowel as Duits, Frans en Khoisan en die verskeidenheid Nederlandse dialekte wat deur die koloniste gebesig is, het die ideale poliglot-milieu geskep waarbinne taalkontak tot taalversteuring, kreolisering en die ontstaan van 'n pidgin aanleiding gegee het.⁹⁸ In 'n poging om effektief met hulle slawe en Khoikhoi te kommunikeer, het die Nederlandse meesters heelwaarskynlik die gekreoliseerde Nederlands van hulle slawe nageaap, wat weer die kreolisering van hulle eie gesproke Nederlands tot gevolg gehad het. In dié opsig is die waarneming van kommissaris-generaal H.A. van Rheede op 24 April 1685, tydens sy besoek aan die Kaap, van belang:

Hier is een gewoonten onder al ons volck, dat lerende dese inlanders de Nederduydsche spraek, en dat deselve die op haar manieren seer krom en bij nae onver standelijck spreken, soo volgen de onse haer daer in nae, ja soo danigh, de kinderen van onse Nederlanders haer dat mede aenwendende een gebroken spraek gefondeert wert ...⁹⁹

Shell blyk dus in die kol te wees met sy gevolgtrekking dat "[t]he emergence once of pidgin and patios languages, a Creole culture, and ultimately a lingua franca was the result of slaves' and owners' attempts to forge a medium of communication with each other".¹⁰⁰ Vanuit 'n kultuurhistoriese perspektief huldig Davids dus tereg die mening dat Afrikaans uit die gekreoliseerde Nederlands van die vryswartes, die slawe en die laer Kaapse klasse en van die boere, slawe en Khoikhoi in die binneland aan die begin van die negentiende eeu ontstaan het.¹⁰¹ As bewysbasis vir sy standpunt geld onder meer 'n dialoog in die Afrikaanse taal van 1825 deur M.D. Teenstra,¹⁰² sowel as die kommentaar van J.G. Swaving in 1828.¹⁰³

⁹⁶ A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, in G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 112.

⁹⁷ D. Brown, Speaking in tongues: apartheid and language in South Africa, *Perspectives in Education* 10(2b), 1989, p. 39.

⁹⁸ A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, in G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 112.

⁹⁹ M.F. Valkhoff, *New light on Afrikaans and "Malayo-Portuguese"*, p. 40.

¹⁰⁰ R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 12.

¹⁰¹ A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, in G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 113.

¹⁰² M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamhede gedurende mijne reize over de Kaap de Goede Hoop naar Java en over St. Helena naar de Nederlanden*, pp. 362 - 364.

¹⁰³ J.G. Swaving, *Swaving's zonderlinge ontmoetingen en wonderbaarlijke lotswisselingen na zijne vlugt uit Delft*, pp. 302 - 303.

In 1825 het M.D. Teenstra, afkomstig van die Nederlandse provinsie Groningen, in 'n poging om die Kaapse taalgebruik "zoo als de menschen te Caledon spreken" aan sy lesers te illustreer, 'n "Zamenspraak of uittreksel van een door mij gehouden gesprek met een boer, dezelfs vrouw en hunne slaven, te Caledon, kolonie Kaap de Goede Hoop" voorgelê. Hy lig sy lesers in dat die hooftaal Nederlands wel "eenigermale verbasterd zijnde" en dat hy in die dialoog die taal in sy grootste afwykings en mees tipiese uitdrukings en idiome, soos deur stedelinge en plattelanders gebesig, probeer weergee.¹⁰⁴ Aangesien hierdie dialoog kultuurhistoriese sowel as taalhistoriese waarde het, volg 'n volledige weergawe daarvan:

- De Boer.* Koom af!
- Ik.* Dat zal mij met mijne stramme beenen veel moeite kosten, echter zal ik een weinige afkomen.
- De Vrouw.* Voorzigtig, mijnheer! die stoep is *banja* hoog, dat zal niet braaf gaan nie.
(In huis komende)
- De Boer.* Zit.
- Ik.* Hoe gaan het hier nog al in de buurt van Caledon, alles wel?
- De Boer.* Zóó. (Dat is tamelijk zoo bij 't oude.)
- De Vrouw.* Pamela! het die water not niet gekookt nie?
- Slavin.* Nee.
- De Vrouw.* Roep voor Leida, dat ze hout in de combuis breng. (Dat is roep aan Leida.)
- De Boer.* (tot den slaaf November) Ga hier naast naar mijn' buurman de Rottum en zeg voor hem, dat het braaf slecht is, dat hij die vark maar zoo lopen laat.
- De Vrouw.* November! Zie daar is die aap weer uit de ket - sies! ik ben bang, dat hij hier komt; kenje hem niet beter vastmaken nie?
- De Boer.* Die aap is braaf slim.
- De Slaaf.* Ja suer! die aap al te danig listig, rech! rech! hij niet spreek, om hij geen boodschap doen wil nie.
- De Vrouw.* Het pad (de weg) zal braaf nat wezen, het heet banje geregend.
- Ik.* Ja jufvrouw! maar ik zit midden in ee' digten wagen, zoodat mij dit niet hindert.
- De Vrouw.* Ons het gedenkt, doe wij die wagen zagen, dat het die wagen van Marré was; ik is zoo even buiten geweest.
- De Boer.* Het kuijeren is braaf koud voor u; als men het bad gebruikt, kan men niet te voorzigtig voor de koude zijn.
- De Vrouw.* Wilje geen kelkje wijn hewwe nie?
- De Boer.* Ja, kom vrouw! die vraag geef nie graag, breng maar op; je moet er een' boterham met biltong bijgeven.

¹⁰⁴ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 362.

- Ik.* Gesondheid, mijnheer! - Jufvrouw! is dat wijn uit uwen wijngaard?
- De Boer.* Ja! maar ze is nog wat te nieuw, anders is ze al te danig lekker. Pamela! kom roep voor *Nonna*, dat ij een van die oude bottels wijn geef.
- De Vrouw.* Kom, mijnheer! Laat die bogt maar staan, hier is beter wijn. - Leida! geef voor mijnheer een schoon kelkje!
- De Boer.* Vindt uwe wat baat bij't bad?
- Ik.* Zeer weinig.
- De Vrouw.* Voor die jicht is die bad anders al te danig goed.
- Ik.* Nu kom, het zal ook tijd worden, om weder huiswaarts of liever badwaarts te keeren. - Mijnheer! jufvrouw! verplicht voor uwe vriendelijkheid.
- Boer en Vrouw* Mijnheer! plezierig!¹⁰⁵

As tolk van die Kaapse hooggeregshof het die Nederlander J.G. Swaving opgemerk dat die gekreoliseerde Nederlands, wat hy 'n "soort van bastaard Hollandsch" genoem het, deur die boere, slawe, Khoikhoi en allerlei ander "vrije Heidense volksstammen" gepraat is, terwyl dit ook geensins vreemd onder die beskaafde Christelike en vooraanstaande Kapenaars was nie.¹⁰⁶ Alhoewel dié "bastaard Hollandsch" volgens Swaving onder meer bestaan het uit 'n aantal Maleise, Portugese en ander woorde en uitdrukkings wat hulle beslag aan die Kaap gekry het, was dit nie naastenby so onverstaanbaar vir nuutaangekome Nederlanders soos die sogenaamde kreoolse Nederlands wat in Berbië, Demaray, Essequibo en Suriname gepraat is nie.¹⁰⁷

Beide waarnemings van Teenstra en Swaving word gerugsteun deur vroeëre opmerkings van Otto Mentzel in die 1740's, Christiaan Persoon in 1762, Hinrich Lichtenstein in die vroeë 1800's en William Burchell van 1810 tot 1815.

As een van die noukeurigste waarnemers en beskrywers van die Kaapse sosiale geskiedenis in die agtiende eeu, het Mentzel as volg oor die "onsuiwer Nederlands" van die Kaapse boere kommentaar gelewer:

The language of the country people is just as far from being pure Dutch, as that of the German farmers is from pure German. The men have a broad accent and the women folk use certain expressions that are sometimes really ridiculous. For instance, if one were to ask them whether they have no Bible, the reply is: "Onz heeft geen Bybel": which means "Us has no Bible". If one were then to ask them: "How many 'Onze' (ounces) in a pound?" they would blush.¹⁰⁸

¹⁰⁵ M. D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 362 - 364.

¹⁰⁶ J.G. Swaving, *Swaving's zonderlinge ontmoetingen en wonderbaarlijke lotswisselingen na zijne vlugt uit Delft*, p. 302.

¹⁰⁷ *Ibid.*, p. 303.

¹⁰⁸ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 105.

Hieruit blyk dit dat die verskynsel van *ons* in subjekfunksie wat in die pidgin van die slawe en Khoikhoi voorgekom het, in die 1740's ook in die spreektaal van die Kaapse boere teenwoordig was.

In 1775 het die dertienjarige Kaapsgebore Christiaan Hendrik Persoon uit Nederland, waar hy skool gegaan het, aan sy ouers in die Kaap geskryf dat sy Amsterdamse vriende hom oor sy "Caapsch krom spreek" terg. Dié opmerking van Persoon dui daarop dat die afwykende vorm van Nederlands nie net op die platteland voorgekom het nie, maar dat "Kaaps-Hollands" ook deur die beskaafde inwoners van Kaapstad gepraat is.¹⁰⁹

In sy uitgebreide reise aan die Kaap van 1803 tot 1806 het Hinrich Lichtenstein verskeie waarnemings ten opsigte van die koloniste se taal gemaak. Tydens sy reis in die Hantam is hy en sy reisgenote deur 'n paar jong boere met interessante verhale van hulle jag- en reisavonture vermaak, "and the effect was exceedingly increased by the concise, yet expressive, African Dutch language, in which the relation was given".¹¹⁰ Die bejaarde Duitse plantkundige, J.A. Auge, wat hy te Swellendam ontmoet het en wat sy moedertaal byna heeltemal verloor het, het self ook die verbasterde Nederlands van die koloniste gepraat.¹¹¹ Hy maak onder meer ook melding van veldkornet Samuel de Beer van Kweekvallei wat in die Paarl gebore en getoë is en wie se taalgebruik gekenmerk is deur 'n goeie woordkeuse "which formed a delightful contrast with the African Malay dialect, in which he was educated".¹¹² Daarbenewens het Lichtenstein in 'n voetnoot 'n verklaring vir die vereenvoudigde taal probeer gee. Hy was van mening dat die eerste Europeërs hulle taal doelbewus vereenvoudig het om dit vir die inboorlinge makliker te maak om aan te leer wat 'n "verarmde en bedorwe" omgangstaal onder die koloniste tot gevolg gehad het.¹¹³ Voorts het hy lig gewerp op die taal wat deur die inheemse bevolking en slawe aan die begin van die negentiende eeu gepraat is. Volgens hom het 'n Boesmanvrou op 'n plaas in die Sneeberg-omgewing hulle in 'n gebroke Nederlands, wat met die Khoikhoi en Maleise tale vermeng was, geantwoord.¹¹⁴ Die slaaf wat hy en sy reisgeselskap by Geelbek in die Saldanhabaai-omgewing teëgekom het, het hulle in 'n mengeltaal bestaande uit Portugees, Nederlands en Maleis, aangespreek.¹¹⁵ Uit die voorafgaande waarnemings van Lichtenstein ten opsigte van die taal wat deur koloniste, slawe en inboorlinge gebesig is, blyk dit dus dat 'n afwykende vorm van Nederlands – wat baie na aan Afrikaans was – reeds in die vroeë negentiende eeu gepraat is.

Die Engelse plantkundige William Burchell (1781 - 1863), wat van 1810 tot 1815 in die binneland gereis het, was van mening dat dit vir 'n navorsingsreisiger soos hy noodsaaklik was om 'n kennis van beide afwykende vorme van Nederlands, naamlik die Kaaps-Hollandse sowel as die verbasterde dialek van die Khoikhoi te hê.¹¹⁶

Uit die waarnemings van Mentzel, Persoon, Lichtenstein, Burchell, Teenstra en Swaving blyk dit dus dat gekreoliseerde Nederlands of Kaaps-Hollands reeds sedert 1740 in gebruik was,

¹⁰⁹ E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, pp. 150 - 151.

¹¹⁰ H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 116.

¹¹¹ *Ibid. II*, p. 170.

¹¹² *Ibid. II*, p. 87.

¹¹³ *Ibid. I*, p. 165.

¹¹⁴ *Ibid. II*, p. 110.

¹¹⁵ H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 41.

¹¹⁶ W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 13.

maar dat dit teen die begin van die negentiende eeu in volle swang deur die hele Kaapkolonie was. Dié taal was oor die algemeen verstaanbaar en vir almal in die Kolonie toeganklik.¹¹⁷ Hierdie gekreoliseerde of “krom” Nederlands waaruit Afrikaans ontstaan het, is egter as ‘n onbeskaafde taal van die laer klasse en ‘n ongekultiveerde patois geëtiketeer.¹¹⁸ Dit het tot gevolg gehad dat daar in die negentiende eeu na Afrikaans as “kombuistaal” verwys is.¹¹⁹ Dié siening is bevestig deur die neiging van sekere negentiende eeuse Kaapstadse joernaliste om dié taal vir komiese effek in die monde van anderskleurige sprekers te plaas, soos die geval was met die hekelspel *De Nieuwe Ridderorde of de Temperatisten* (1832) van Charles Etienne Boniface en *Kaatje Kêkkelbek* van Andrew Geddes Bain wat vir die eerste keer in 1838 in Grahamstad opgevoer is.¹²⁰ Uit dié kombuistaal het Afrikaans ongetwyfeld sy beslag gekry.

Die kreolisering van Nederlands, wat tot die ontstaan van Afrikaans gelei het, is in ‘n groot mate in die hand gewerk deur die sosiale verhoudings tussen mense van etniese, kulturele en linguïstiese heterogeniteit binne die poliglote Kaapse samelewing van die sewentiende en agtiende eeu. Noue fisiese, sosiale en werkskontak tussen slawe en meesters, koloniste en vryswartes, slawe onderling en tussen die Khoikhoi en koloniste het ideale geleenthede vir taalkontakverandering geskep. In die opsig het veral rassevermenging, die werksverhouding tussen slaaf en meester, die intimiteit van die Kaapse huishouding en transaksies sowel as buurskap tussen eiendomsbesittende koloniste en vrygestelde slawe ‘n rol gespeel.¹²¹

Wat rassevermenging betref, was seksuele verhoudings en gemengde huwelike tussen slavinne en blanke koloniste nie ‘n ongewone verskynsel aan die vroeë Kaap nie.¹²² Faktore soos die skoonheid en die kulturele en linguïstiese verwantskap of aanpasbaarheid van die Oosterse en Kaapsgebore slavinne van gemengde Oosterse en Europese afkoms,¹²³ sowel as die tekort aan blanke vroue aan die Kaap¹²⁴ het rassevermenging bevorder. Die slawe-teenwoordigheid in die stamregisters van belangrike Afrikanerfamilies dien as bewys vir dié

¹¹⁷ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 63.

¹¹⁸ A. Davids, The ‘coloured’ image of Afrikaans in nineteenth century Cape Town, *Kronos* 17, 1990, pp. 37 - 39.

¹¹⁹ *Ibid.*, p. 38; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 63.

¹²⁰ A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, in G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 115; M.F. Valkhoff, *Studies in Portuguese and Creole with special reference to South Africa*, p. 4.

¹²¹ A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, in G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, pp. 110, 113, 115 en 116.

¹²² J.D. Buttner, *Accounts of the Cape, brief description of Natal, journal extracts on the East Indies* (reds. G.S. Nienaber en R. Raven-Hart) p. 66; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 109 - 110; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 169 en 269; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 285; *Gleanings in Africa*, p. 64; W.W. Bird, *The state of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 75; R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson’s “Slaves”, *Kronos* 9, 1984, pp. 51 - 55; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 126; J.L. Hattingh, *Beleid en praktyk: die doop van slawekinders en die sluit van gemengde verhoudings aan die Kaap voor 1720*, *Kronos* 5, pp. 34 - 42; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 295 - 297; E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, p. 87; M.F. Valkhoff, *New light on Afrikaans and “Malayo-Portugese”*, pp. 11 - 12.

¹²³ R. Wilson, *Description of the Cape*, pp. 30 - 31; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, pp. 73 - 74; *Gleanings in Africa*, p. 64; R. Elphick en R. Shell, *Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *‘n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, pp. 138 - 139; J.A. Heese, *Die herkoms van die Afrikaner*, p. 30.

¹²⁴ P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 62; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 147.

stelling.¹²⁵ Die eerste vier amptelike huwelike aan die Kaap was tussen vrygestelde Bengaalse slavinne en wit koloniste.¹²⁶ Daarbenewens het 75% van alle babas van slavinne wat gedurende die eerste twintig jaar van die Kaapse nedersetting gebore is, blanke vaders gehad.¹²⁷ Rassevermenging het 'n belangrike rol in die kreolisering van slawe sowel as taal gespeel.¹²⁸ Die halfslag of heelslag Kaapsgebore slaaf het die taal van die huishouding waarbinne hy gebore en opgegroeï het, aangeneem. Die taal van dié slawe was nie meer Maleis-Portugees, Angolees of 'n Mosambiekse taal nie maar Kaaps-Hollands, wat ook die taal van die Europese setlaars aan die Kaap was.¹²⁹ Die slawemoeders, sowel as die huishouding waarbinne hulle kinders gebore is, het die taalpatrone van die jong slawekind beïnvloed.¹³⁰

Die intieme en ongedwonge omgang binne die Kaapse huishouding het beslis rassevermenging en taalkontak in die hand gewerk. Slawe en eienaars was op 'n dag tot dag basis in noue kontak met mekaar, terwyl huishoudelike en betroubare slawe boonop snags onder dieselfde dak as hulle meesters gehuisves is.¹³¹

Binne die intieme milieu van die Kaapse huishouding was daar veral noue kontak met betrekking tot die werksverhouding tussen die huisslaaf en lede van die huisgesin en ander lede van die huishouding. In die opsig kan die rol van slavinne wat as soogvroue en kinderbediendes opgetree het, nie onderskat word nie. Die teenwoordigheid van slawesoogvroue in die stedelike sowel as plattelandse huishoudings word bevestig deur besoekers en reisigers, die *Requesten* sowel as die *Slaweregister* wat gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu opgestel is.¹³² Hierdie situasie sou ongetwyfeld 'n invloed op die taal hê. In die 1770's het Sparrman opgemerk dat die blanke kinders op die binnelandse plase die taal van die Khoikhoibediendes heel gemaklik voor die Nederlandse taal aangeleer het. In die geval van slawebediendes en slawekinderoppassers, het die kinders in die eerste plek die Maleise taal aangeleer.¹³³ Weens die noue kontak tussen die blanke kind en sy slawesoogvrou of -kinderbediende en die feit dat die kind in baie gevalle 'n sterker band met die slavin as met sy ouers gehad het, het sy onwillekeurig en onteenseglik 'n sterk en blywende invloed op die burgerkind, veral wat die taal betref, uitgeoefen.¹³⁴ Hugo konstateer dus tereg dat die slawe-*aja* weens van die sterk bande van toegeneentheid en liefde wat tussen haar en die kind oor klas- en kleurgrense heen gesmee is, 'n bydrae tot veranderende taalpatrone aan die Kaap

¹²⁵ H.F. Heese, *Groep sonder grense: die rol en status van die gemengde bevolking aan die Kaap*, pp. 41 - 75.

¹²⁶ A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, pp. 78 - 80.

¹²⁷ A. Wannenburg, *Forgotten frontiersmen*, p. 22.

¹²⁸ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. xxxviii en 63.

¹²⁹ A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 15.

¹³⁰ P. Kiparsky, Linguistic universals, in A.R. Keiler (red.), *A reader in historical and comparative linguistics*, p. 342.

¹³¹ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 117; O.F. Mentzel, *Life at the Cape in mid-eighteenth century*, p. 40; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 256; de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 142; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 253 - 254; V.S. Forbes, *Pioneer travellers of South Africa*, p. 68; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 194.

¹³² P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschrijving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 317; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen, in de jaren 1791 tot 1797, II*, p. 133; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope, II*, pp. 108, 110 en 122; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 200; H.C.V. Leibbrandt (red.), *Requesten, 1715 - 1806, III*, p. 1112; K.A.B.: SO. 6/1 - 6/151, Register of Slaves, 1816 - 1837.

¹³³ A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 219.

¹³⁴ J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 105.

sou gelewer het en in dié opsig instrumenteel in die kreolisering van Nederlands was: “And the language they learnt from the lips of those slaves – was it not the *lingua vernacular*, the Cape Dutch of the slave, the Cape vernacular? Truly, our forbear may be said to have imbibed the vernacular language together with the vernacular milk.”¹³⁵

So prominent was die plek van dié slavinne in die Kaapse huishouding dat sekere leksikale terme wat met die soogslavin of kinderbediende verband hou in die kreoolse taal aan die Kaap en uiteindelik in Afrikaans neerslag gevind het. Die Maleise woord *aja* of *aya* is onder meer deur Kolbe en Barrow gebruik. In die agtiende eeu het Kolbe opgemerk dat “deze gantsche [kinder]sorg van den beginne af aan de slavinnen ... eene zodanige “*Aja*” oorgelaat is,¹³⁶ terwyl Barrow die woord as volg gebruik het: “... the *aya* is looked up through life with more affection than the natural parents .”¹³⁷ Volgens Boshoff is die woord *aia*, wat “kindermeisie” beteken uit Portugees in verskillende Oosterse tale as *aya* oorgeneem en het as *aia* in Afrikaans neerslag gevind.¹³⁸ Die Maleise woord *memme* wat “pleegmoeder” beteken, is in 1825 deur Teenstra, soos dit deur ‘n jeugdige Mosambiekse slaaf gebruik is, aangehaal: “De oude vrouw was zijne grootmoeder, hebbende hem na den dood van hare dochter opgevoed, noemende hij haar nog *memme*.”¹³⁹ Waarskynlik het die Kaaps-Hollandse woorde *minnemoer* of *mina*, wat “lief-ma” beteken, met die teenwoordigheid van soogvroue en kinderversorgers in die Kaapse huishoudings verband gehou.¹⁴⁰ Daarbenewens is die Afrikaanse woorde *nôi*, *nooi*, of *nonna* van die Maleise woord *njonjah* afkomstig.¹⁴¹ Bosman is van mening dat slawewoorde, soos *paaiboelie*, *pamperlant*, *kurang/kierang*, *tjoema*, *tampas* en *tjoekie*, heelwaarskynlik via die soogslavinne, kinderoppassers of speelmaats in Kaaps-Hollands en uiteindelik Afrikaans neerslag gevind het.¹⁴²

Naas die soogvroue en kinderbediendes, het ook die teenwoordigheid van veral die Oosterse slawekokke¹⁴³ in die Kaapse huishoudings ‘n invloed op die taal uitgeoefen wat tot gevolg gehad het dat ‘n hele aantal woorde in die Afrikaanse kookkunsleksikon van Maleis-Polinesiese en Portugees-kreoolse oorsprong is.¹⁴⁴ Dit was veral die kos- en kookgebruike wat deur oorwegend Maleierslawe uit Oos-Indië na die Kaap gebring is, wat ‘n belangrike invloed op die Kaapse kooktradisie sowel as die Kaapse taal uitgeoefen het. Uit die werksmilieu van die slawekok, naamlik die Kaapse kombuis, het die “kombuistaal” of Kaaps-Hollands en uiteindelik Afrikaans dus ‘n deel van sy leksikale erfnis te danke.¹⁴⁵ Woorde, soos *atjar*, *blatjang*, *bredie*, *bobotie*, *borrie*, *kojewel*, *mielie*, *nartjie*, *pienangvleis*, *piering*,

¹³⁵ A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 18.

¹³⁶ P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 317.

¹³⁷ J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 105.

¹³⁸ S.P.E. Boshoff, *Etimologiese woordeboek van Afrikaans*, p. 28; E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, p. 165.

¹³⁹ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 348.

¹⁴⁰ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 312.

¹⁴¹ E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, p. 164; L.C. Eksteen, Die Afrikaanse woordeskat, in T.J.R. Botha, J.G.H. Combrink en F.F. Odendal (reds.), *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 47; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 364.

¹⁴² D.B. Bosman, *Oor die ontstaan van Afrikaans*, p. 74.

¹⁴³ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 287 - 289.

¹⁴⁴ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 30 - 31.

¹⁴⁵ R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 31.

piesang, sambal, sosatie, rissie en spanspek ¹⁴⁶ hou grootliks verband met die Oosterse en gekreoliseerde Kaapsgebore slawekokke se teenwoordigheid in die Kaapse kombuis. Ross het toepaslik opgemerk dat “[s]uch classic dishes as bredies, boboties and sosaties took their name, and no doubt their form from the slave who cooked them” ¹⁴⁷.

Die herkoms van bogenoemde woorde word as volg verklaar:

- atjar* Volgens Boshoff het die woord sy herkoms in die Portugese *āchār* – of die Maleise *āchār* en verwys na ‘n ingelegde mengsel van fyngesnyde groente en vrugte in ‘n asyn-speserymengsel wat as toespys by vleis voorgesit word. Davids verklaar die etimologiese oorsprong uit die Sunda-woord *atjar*.
- blatjang:* Die woord is uit die Maleise *b(e)lanchan* afkomstig en verwys na ‘n dik, suur, pikante ingemaakte kruiesous van asyn, vrugte, ensovoorts wat as toespys saam met vleis of vis geëet word.
- bredie:* Die woord het sy herkoms in die Portugese *brede* wat na ‘n plantsoort *Blitum virgatum* verwys waarvan ‘n groentegereg gemaak is. Binne die Kaapse opset het dit egter na ‘n stowegereg van vleis en verskillende groentesoorte verwys. Raidt is van mening dat *bredie* via Maleis uit Portugees in Afrikaans neerslag gevind het.
- bobotie:* Die herkoms van dié woord is in die Sunda-woord *bobotoh* en verwys na ‘n maalvleisgereg wat onder meer kerrie, brood en eiers bevat.
- borrie:* Die woord se etimologiese oorsprong is in die Maleise *borch* wat na ‘n soort geel kruiepoeier (*curcuma*) verwys.
- koejawel:* Volgens Du Toit is die woord afkomstig van die Portugese *goyaba* wat na ‘n boom *Psidium guayaba* en sy vrug verwys.
- mielie:* Die woord het sy oorsprong in die Portugese *milho* en verwys na die graansoort *Zea mays*.
- nartjie:* Mansvelt verklaar die oorsprong van die woord uit die Arabiese *nāranj* wat na die sitrusvrug *Citrus nobilis* verwys.

¹⁴⁶ E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, pp. 164 - 167; D.B. Bosman, *Oor die ontstaan van Afrikaans*, p. 74; A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 20; A. Davids, Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans, in P. Hartevelt (red.), *Lexikos* 2, p. 47.

¹⁴⁷ R. Ross, The occupations of slaves in 18th century Cape Town, *Studies in the history of Cape Town* 2, 1980, p. 8.

- pienang(vleis)*: Die woord het sy etimologiese oorsprong in die Maleise *pinang* wat na 'n boomsoort *Areca catechu* verwys. *Pin'dang* verwys ook na 'n bepaalde Javaanse kerrie, terwyl pienangvleis 'n Kaapse vleiskerrie is wat met tamarynsaad en vars lemoenblare gegeur word.
- piesang*: Die herkoms van piesang is uit die Maleise *pisang* en verwys na die plant en vrug *Musa sapientum*.
- rissie*: Die woord het waarskynlik via Nederlands uit die Javaanse *maritja* in Afrikaans neerslag gevind en verwys na 'n plant met 'n peperagtige peul.
- sambal*: Boshoff verklaar die herkoms van sambal uit die Maleise *sāmbal* wat na 'n skerp gekruide slaai van gerasperde kwepers of uie, ensovoorts wat in asyn ingemaak is, verwys.
- sosatie*: Dié woord is afkomstig van die Maleise *saté* (gekruide sous) en *sésate* (vleis aan 'n pen geryg) verwys na vleisstukkies wat in kerrie, kruie en asyn ingelê, aan 'n stokkie geryg en gebraai word.
- spanspek*: Die etimologiese verklaring vir die woord is onseker, maar wat wel afgelei kan word, is dat dit uit een van die Maleis-Polinesiese of Portugees-kreoolse slawetale afkomstig is.¹⁴⁸

Ander huishoudelike woorde wat vroeg reeds uit die slawetale in die gesproke Nederlands van die koloniale meesters opgeneem is, is onder meer *piering*, *tjalie*, *katel*, *baadjie* en *kabaai*.¹⁴⁹ Dié woorde word etimologies as volg verklaar:

- piering*: Dié woord is van die Maleise *piring* afkomstig en verwys na 'n koppieskotteltjie.
- tjalie*: Die woord is afkomstig van die Portugese *chale* en is via die Maleise *tjala* in Afrikaans opgeneem. Dit verwys na 'n sjaal of omslagdoek.

¹⁴⁸ S.P.E. Boshoff, *Etimologiese woordeboek van Afrikaans*, pp. 32, 36, 39, 40, 72, 84, 98, 100 en 106; A. Davids, Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans, in P. Hartevelde (red.), *Lexikos 2*, p. 47; A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 20; M. de Villiers (red.) e.a., *Nasionale woordeboek*, pp. 33, 63, 67, 73, 77, 437 en 477; E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, pp. 166 - 167; E.H. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, in T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 69; H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, pp. 58 en 61.

¹⁴⁹ E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, pp. 123 - 127; A. Davids, Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans, in P. Hartevelde (red.), *Lexikos 2*, p. 47.

- katel*: Die woord kom van die Maleise *katil* en verwys na 'n bed.
- baadjie*: Die woord het sy oorsprong in die Maleise en Sunda *badju* waarin die Hindi-woord *bāzū* weer 'n rol speel. In alle gevalle verwys dit na 'n kledingstuk.
- kabaai*: *Kabaai* kom van die Maleise *cabaya* en verwys na 'n loshangende jurk.¹⁵⁰

Die woord *krabbetjie* is afgelei van die Maleise *kerabu* wat na 'n oorringetjie verwys.¹⁵¹

Schonken het dus 'n heel logiese en korrekte afleiding gemaak dat die meeste woorde wat uit die slawetale in Afrikaans opgeneem is, hulle oorsprong in die aanwending van slawe binne die Kaapse huishouding gehad het.¹⁵² Die taal bevestig dus die historiese gegewe dat Oosterse slawe, veral die Maleiers, as huisbediendes, kinderbediendes en veral as kokke in die vroeë Kaapse huishouding aangewend is.¹⁵³ Die feit dat daar in die negentiende eeu na Afrikaans as "kombuistaal" verwys is, hou dus in 'n groot mate verband met die teenwoordigheid van slawekokke en huisbediendes in die Kaapse huishouding.¹⁵⁴

Die vereenvoudiging en kreolisering van Nederlands is dus, soos reeds gesuggereer, gedeeltelik toe te skryf aan die interaksie en taalkontak tussen ingevoerde en Kaapsgebore of gekreoliseerde slawe en hulle meesters binne die huishoudelike milieu.¹⁵⁵ In 'n poging om binne die mengelmoes van tale en kulture op huishoudelike vlak 'n gemeenskaplike kommunikasiemedium te bewerkstellig, het 'n pidgin onder die slawe ontstaan wat die taal van die meesters beïnvloed het en tot die kreolisering van Nederlands gelei het.

Terwyl voorafgaande bespreking op taalkontak en akkulturasie binne die intieme huishoudelike sfeer dui, is Davids van mening dat die buurmanskap tussen koloniste en vrygestelde slawe ook taalkontakverandering in die hand gewerk het.¹⁵⁶ Deur doop en opname in die Kaapse Kerk is vrygestelde slawe in staat gestel om grond aan te koop en as sodanig transaksies met die vryburgers aan te gaan. Volgens Shell was daar vanaf 1678 tot 1731, 58 transaksies tussen vryburgers en slawe.¹⁵⁷ In sy navorsing oor vryswart grondbesitters in die Tafelvallei van 1652 tot 1710, maak Hattingh onder meer melding van Evert van Guinee, Anthony van Bengale,

¹⁵⁰ S.P.E. Boshoff, *Etimologiese woordeboek van Afrikaans*, pp. 32, 62 en 94; M. de Villiers (red.) e.a., *Nasionale woordeboek*, pp. 234 en 521; E.H. Raidt, *Interne ontwikkeling van Afrikaans*, in T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, pp. 68 - 69.

¹⁵¹ A. Davids, *Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study*, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 12.

¹⁵² F. Th. Schonken, *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksverleveringen*, p. 159.

¹⁵³ D.B. Bosman, *Oor die ontstaan van Afrikaans*, p. 73.

¹⁵⁴ M.F. Valkhoff, *Studies in Portuguese and Creole with special reference to South Africa*, p. 4.

¹⁵⁵ R.C.-H. Shell, *The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834*, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 29.

¹⁵⁶ A. Davids, *Afrikaans - die produk van akkulturasie*, in G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, pp. 111 en 116.

¹⁵⁷ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 774, soos aangehaal in A. Davids, *Afrikaans - die produk van akkulturasie*, in G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 111.



Figuur 111: Kronendal in die Houtbaai-omgewing wat in 'n stadium aan die vrygestelde slavin Ansiela van Bengale behoort het, volgens 'n waterverfsketsie in 1838 deur Christopher Webb Smith, toe die plaas in besit van Daniel Cloete was.

Uit: A. Gordon-Brown, *Christopher Webb Smith. An artist at the Cape of Good Hope 1837 - 1839* (Kaapstad, 1965), p. 69.




Figuur 112: Lanzerac by Stellenbosch wat in 1692 die gesamentlike eiendom van die vryswartes Louis van Bengale, Manuel en Anthony van Angola en die voormalige Kompanjiesoldaat, Isaac Schryver geword het.

Uit: H. Fransen, *A Cape Camera. The architectural beauty of the old Cape* (Johannesburg, 1993), p. 106.



Figuur 113: Stellenberg wat in 1713 vir die prys van 1300 gulden die eiendom van die vrygestelde slavin Christina van Canarie (Kanara) geword het. Dié voormalige slavin van Simon van der Stel was die eerste vryswart vrou wat 'n aansienlike stuk grond in die suidelike voorstede van die Kaapse Skiereiland besit het.

Uit: N. Gardiner, *Beautiful gardens of South Africa* (Kaapstad, 1991), p. 137.



Figuur 114: Coornhoop, wat opeenvolgend die eiendom van die vryswartes Robert Schott van Bengale, Christian Wijnants van die Koromandelkus en Armosina Jonasz was.

Uit: H. Fransen en M.A. Cook, *The old houses of the Cape* (Kaapstad, 1965), p. 25.



Figuur 115: Sonquastdrift naby Malmesbury wat in 'n stadium aan die vroeë Kaap vryswart-eiendom was.

Uit: C. Jansen en S. Simson, *50 Cape Dutch houses* (Kaapstad, 1981), p. 71.

Louis van Bengale, Syman Mandadoor en Angela van Bengale wat marktuineienaars in Tafelvallei was en later weer in verkooptransaksies met vryburgers betrokke was. Hattingh verskaf daarbenewens volledig getabelleerde inligting van agtien transaksies waartydens vryswartes huiserwe aan vryburgers verkoop het¹⁵⁸ en sewentien transaksies waar vryswartes grond van vryburgers aangekoop en in 'n later stadium weer aan vryburgers verkoop het.¹⁵⁹ Alhoewel daar 'n neiging onder vryswartes was om naby mekaar te woon, was hulle nogtans in buurmanskap met die vryburgers wat oral in Tafelvallei woonagtig was.

Afgesien van grondbesit in Tafelvallei, was sekere vryslawe en vryswartes in 'n stadium as hereboere die eienaars van statige Kaaps-Hollandse plaaswonings.¹⁶⁰ So het Kronendal (Fig. 111) in 'n stadium aan Ansiela van Bengale behoort,¹⁶¹ Lanzerac (Fig. 112) in Stellenbosch aan Louis van Bengale sowel as Manuel en Anthony van Angola,¹⁶² Stellenberg (Fig. 113) aan Christina van Canarie (Kanara),¹⁶³ Coornhoop (Fig. 114) opeenvolgend aan Robert Schott van Bengale, Christian Wijnants van die Koromandelkus en sy weduwee, Armosina Jonasz,¹⁶⁴ Groot Constantia aan Anna de Koningh, die weduwee van Oloff Bergh,¹⁶⁵ terwyl Nektar, Honswijk, Kijkuijt en Sonquasdrift (Fig. 115) ook aan vryslawe behoort het.¹⁶⁶ Die plaas Nektar by Jonkershoek is aanvanklik in 1692 aan die twee vryswartes Marquard en Jan van Ceylon toegeken, toe die plaas onder die naam "Jan Lui" bekend was – duidelik 'n naam wat van die bynaam van die een minder flukse vryswart eienaar afgelei is.¹⁶⁷

Volgens Davids het die grondtransaksies en buurmanskap tussen vryslawe en vryburgers verreikende implikasies vir die Kaapse taalgemeenskap gedurende die eerste honderd jaar van die nedersetting gehad.¹⁶⁸ Die slawetale, sowel as Frans en Duits moes by wyse van transaksies en buurmanskap 'n invloed op die kreolisering van Nederlands gehad het.

Benewens sosiale kontak tussen slawe en meesters enersyds en tussen vryslawe en vryburgers andersyds, het onderlinge kontak tussen slawe op veral arbeidsgebied, bygedra tot die kreolisering van die Nederlandse taal aan die Kaap. In die opsig het die Kaapse vissersbedryf, wat hoofsaaklik deur slawe beoefen is, 'n rol in die totstandkoming van 'n tipies Kaapse visserswoordeskat in Afrikaans gespeel. Behalwe vir bepaalde visname, is die meeste van die leksikale items en eenhede nie algemeen in Standaardafrikaans bekend nie, terwyl dit wel in die bedryfs- en omgangstaal van die Kaapse vissersgemeenskappe bestaan. Talle van die woorde

¹⁵⁸ J.L. Hattingh, Grondbesit in die Tafelvallei 1: Die eksperiment: Vryswartes as grondeienaars, 1652 - 1710, *Kronos* 10, 1985, pp. 42 en 45.

¹⁵⁹ *Ibid.*, p. 47.

¹⁶⁰ A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, in G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 111.

¹⁶¹ *Ibid.*, p. 111; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 263.

¹⁶² C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms*, p. 62; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 263.

¹⁶³ C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms*, p. 43; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 262.

¹⁶⁴ A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, in G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 111; M. Cairns, Freeblack landowners in the southern suburbs of the Cape peninsula during the eighteenth century, *Kronos* 10, 1985, pp. 28 - 29.

¹⁶⁵ C. Jansen en S. Simson, *50 Cape Dutch houses*, p. 14.

¹⁶⁶ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 263; C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms*, p. 62.

¹⁶⁷ J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa*, p. 80.

¹⁶⁸ A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, in G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, pp. 111 - 112.

en begrippe is afkomstig van die Maleis-Polinesiese en Portugees-kreoolse slawetale en bevestig die historiese feit dat veral Maleierslawe 'n aktiewe rol in die Kaapse vissersbedryf gespeel het.¹⁶⁹ Ross sonder tereg die vissersbedryf as een van die drie aktiwiteitsvelde uit waardeur woorde via die Maleis-Portugees kreoolse taal sowel as Maleis in Afrikaans opgeneem is.¹⁷⁰

Vervolgens 'n paar van die aangetekende¹⁷¹ leksikale items en eenhede wat via die slawetale in die Afrikaanse visserstaal opgeneem is:

- batlaat*: Dit is 'n samestelling van die Maleise woord *batoe* wat "steen" of "klip" beteken en die Afrikaanse bywoord "laat." *Batlaat* beteken dus "laatklip", met ander woorde 'n klip wat laat gekry is.
- batties*: Die betekenis "visplek" is deur die slawevisser self gegee en is waarskynlik 'n vervorming van 'n Maleise woord.
- boang batoe*: Dit is 'n samestelling van die Maleise woorde *boeang* wat "weggooi" beteken en *batoe* wat "klip" beteken. *Boang batoe* beteken dus "gooi die ankerklip". *Batoe* was die benaming vir die ankerklip.
- batoe tana*: Die Maleis vir "die ankerklip vat grond", met *batoe* wat "klip" en *tana* wat "grond" beteken.
- parra*: Die woord is van Portugees-kreoolse herkoms en beteken "stilhou". Laat *parra* die skuit. Die vissers het egter die betekenis "laat dryf die skuit" daaraan gegee.
- tjowa*: Die woord is afgelei van die Maleise woord *tjoba* wat "probeer" beteken.
- akbar*: Dit is 'n Maleise woord wat "hoog verhewe" beteken en as "hooguitstaande" met betrekking tot die kustreek gebruik word wanneer 'n deel van die kus bo 'n ander gedeelte uitstaan.
- bangang*: Dit is afkomstig van die Javaanse woord *bangkang* wat "koppig" of "astrant" beteken.

¹⁶⁹ F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, p. 103; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 288; G.F. Angas, *The Kafirs illustrated in a series of drawings*, p. 9; J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town*, p. 15; E.G. Aspelng, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist*, pp. 4 en 6.

¹⁷⁰ R. Ross, The occupations of slaves in 18th century Cape Town, *Studies in the history of Cape Town* 2, 1980, p. 8.

¹⁷¹ L.P. Heiberg, *Afrikaanse visserstaal*, D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1957, pp. 90 - 101; J.L.M. Franken, Maleise en Portugese relikte aan die Kaap van vandag, *Die Huisgenoot* 15(449), 1930-11-07, pp. 21, 63, 65 en 67.

- djamalang*: ‘n Slawewoord van waarskynlik Maleise herkoms wat beteken om “in die nag vis te vang”.
- ikan(g)*: Dit is ‘n Maleise woord wat “vis” beteken.
- soesa*: Dié woord is afgelei van die Maleise *soesah* wat “las” of “moeilikheid” beteken en word veral as volg gebruik: “Die Sedoos gee vir ons groot *soesa* want hy slaat ons skuide stukkend”.
- tjappa*: In die vissermanstaal beteken die woord “om stadig te roei” en is moontlik afgelei van die Portugese woord *chapejar* wat “plas” beteken of van die Maleise woord *tjapa* wat beteken om “by iets of iemand aan te sluit”.¹⁷²

Davids vermeld ook die Moslemafrikaanse woord *panoepang* wat sy oorsprong in die Maleise *menupang* het en na ‘n bemanningslid van ‘n boot verwys, byvoorbeeld “Ek *panoepang* vir Ali” wat beteken “Ek is lid van Ali se bootbemanning.”¹⁷³ ‘n Paar visname is ook uit die Kaapse slawetale en Maleis-Portugese seemanstaal in die Afrikaanse visserstaal opgeneem. Hier volg ‘n lys van die bekendste visname:

- bamboefer*: Die naam is afgelei van die Portugese *pisce bamboe* vir die vissoort *Box salpa*.
- bonyt*: Die naam kom van die Portugese *bonita* vir die vissoort *Auxis rochei*.
- daeraad*,
daweraad/t, of
dawwera: Die naam is afgelei van die Portugese *dorado* vir die vissoort *Pagrus laticeps*. Die naam is ook in Standaardafrikaans opgeneem en word verklaar as ‘n ligrooskleurige steenbras – ‘n bekende, smaaklike eetvis met ‘n opvallende kleureprag.
- damba*: Die naam is van die Indiese woord *damba* afkomstig, ‘n benaming vir die galjoensoort *Serranus diacanthus Damba*.
- halfkoord*: Die naam is afgelei van die Portugese *albacor(a)* wat die naam vir die vissoort *thynnus alalonga* is. Die naam is ‘n volksetimologiese vervorming van *albakoer* wat ook in Standaardafrikaans opgeneem is en na ‘n groterig soort makriel, *Seriola lalandei*, verwys.
- janbruin*: Die visnaam het sy herkoms in die Portugese woord *tamborino*, ‘n benaming vir die vissoort *Gymnocrotaphus curvidens*. Volgens Franken is *janbruin* deur homonimiese

¹⁷² S.P.E. Boshoff, *Etimologiese woordeboek van Afrikaans*, p. 92; J.L.M. Franken, Maleise en Portugese relikte aan die Kaap van vandag, *Die Huisgenoot* 15(449), 1930-11-07, p. 63; L.P. Heiberg, *Afrikaanse visserstaal*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1957, pp. 91 - 95.

¹⁷³ A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p.12.

attraksie uit *tambryn* vervorm. *Tambryn* is weer 'n afleiding van die Maleise *tambra* of *tambarah*. Die bruin kleur van dié vis het waarskynlik ook 'n rol in sy naamgewing gespeel. Die naam is ook in Standaardafrikaans bekend en verwys na 'n soort steenbras, *tambryn* of *basterhottentotsvis*.

- jandorie*: Die naam is afgelei van die Maleise woorde *ikan* (vis) en *dori* of *doeri* wat na 'n stekel of puntige graat verwys, en die benaming vir die vissoort *Zeus capensis* of *Zeus faber* is. Die visnaam is in Standaardafrikaans opgeneem en verwys na 'n silwergrys eetvis.
- kaalkop*: Die visnaam het sy herkoms in die Maleise woord *kapap*, 'n benaming vir die vissoort *Lates calcarifer*. In Standaardafrikaans is dit die volksnaam van enige van verskeie vissoorte wat nie skubbe op die kop het nie.
- katonkel*: Die naam is afgelei van die Maleise *ketung*, 'n benaming vir die vissoort *Thynnus pelamys*. In Standaardafrikaans verwys *katonkel* na enige van 'n verskeidenheid meesal silweragtige stekelvisse, soos onder meer *Sarda sarda*, wat een van die bonitas is.
- panga*: Die visnaam het sy herkoms in die Maleise *ikan pangeran(g)*. *Ikan* beteken "vis" terwyl *pangerang* "prins" beteken, met ander woorde "prinsvis", wat verwys na die vissoort *Pagrus lanarius*. In Standaardafrikaans verwys die naam *panga* na die vissoort *Pterogymnus lanarius* wat tepelvormige lippe en uitstaande tande het. Dit is ook in die volkstaal as *dikbekkie* bekend.
- parri*: Dié visnaam het sy oorsprong in die Maleise *ikan pari* wat 'n soort rog is. Die woord *pari* beteken letterlik "rog".
- tjokka*: Die naam kom van die Portugese woord *choco*, die benaming vir 'n soort inkvis. In Standaardafrikaans verwys *tjokka* na die inkvis *Sepia officinalis* wat tien vangarms het en as aas tydens visvangs gebruik word.¹⁷⁴

Alhoewel visname soos *halfkoord* en *kaalkop* met 'n ompad uit die sewentiende-eeuse seemanstaal in Afrikaans opgeneem is, is die neerslag en voortbestaan van dié woorde in Afrikaans grootliks aan die teenwoordigheid van die Kaapse visserslawe en hulle nageslag te danke. Daarbenewens is visname, soos *daeraad*, *halfkoord*, *janbruin*, *jandorie*, *kaalkop*,

¹⁷⁴ S.P.E. Boshoff, *Etimologiese woordeboek van Afrikaans*, pp. 29, 60, 62, 69, 92 en 113; M. de Villiers (red.) e.a., *Nasionale woordeboek*, pp. 89, 182, 230, 244, 380 en 522; J.L.M. Franken, Maleise en Portugese relikte aan die Kaap van vandag, *Die Huisgenoot* 15(449), 1930-11-07, pp. 65 en 67; L.P. Heiberg, *Afrikaanse visserstaal*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1957, pp. 95 - 96; F.F. Odendal (red.) e.a., *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, pp. 37, 127, 465, 781 en 1085.

katonkel, *panga* en *parri* heelwaarskynlik daaglik deur die slawevisventers in die Kaapse strate uitgeroep en so aan die publiek bekend gestel, terwyl die slawestuurjonge wat vis by die vismark vir die Kaapse huishouding moes bekom, die visname by die mark leer ken en aan die huishouding van sy meester bekendgestel het. Daarbenewens kon die visserslawe wat die visserskuite beman het, die visname aan die booteienaars of meesters bekend gestel het.

Sekere plekname wat verband hou met land en seemerke in en om die Kaapse Skiereiland het uit die Kaapse slawetale in die Afrikaanse visserstaal neerslag gevind. Die Kaapse vissers het spesifieke name aan bepaalde rotse, klippe, banke, omliggende berge en onderdele van berge en selfs duine gegee wat as bakens of merke gedien het om die “visplekke” en weibanke te bepaal. Die ligging van ‘n weibank is vasgestel deur die kruispunt van twee denkbeeldige lyne wat oor vier merke, meesal deur sekere punte van berge gevorm, te trek. Gewoonlik hou die merke verband met ‘n berg, ‘n bergpunt of -spits, ‘n rotsformasie, ‘n klip of selfs ‘n duin. Die benoeming van merke is dus ‘n assosiasie of ooreenkoms met een of ander bekende voorwerp of persoon (gewoonlik die ontdekker).¹⁷⁵ Franken en Heiberg het onder meer die volgende plekname in die visserstaal gelys:

- boenting*: Die naam is afgelei van die slawewoord *boenting* wat “swanger” of “dragtig” beteken. In dié opsig staan die bergkoppe tussen Leeukop en Tafelberg weens hulle voorkoms onderskeidelik as die eerste, tweede, derde en vierde *boenting* bekend. In visserstaal word die woord as volg gebruik: “Ons lê op die kreefbank skuins agter die eerste *boenting*.”
- bonissettang*: Dit is ‘n alternatiewe benaming vir Tafelberg waar *settang* afgelei is van die Maleise woord *setan* wat duiwel of “satan” beteken. Dit hou waarskynlik verband met die oorgelewerde verhaal waarvolgens Tafelberg sy kleed aan ‘n rookkompetisie tussen die duiwel en Van Hunks te danke het.
- ghoenoematjawa*: Die woord verwys na ‘n berg wat in die rigting van Swartland bo Tierberg uitsteek. *Ghoenoeng* is die Maleise woord vir “berg,” terwyl *matjawa* ‘n vervorming van *bertjabang* is wat “gaffelvormig” beteken.
- ghoenoemera*: Die woord verwys na Rooiberg. *Ghoenoeng* beteken “berg,” terwyl *mera* die Maleise woord vir “rooi” is.
- ghoenoemija*: Die woord verwys na ‘n “tafelberg”. Dit is afgelei van *ghoenoeng* (berg) die Maleise woord *medja* (tafel). Terwyl Tafelberg sy Nederlandse naam behou het, is daar twee of drie ander *ghoenoemijas*, soos dié in die Drakenstein-reeks wat vanuit die see oor Helshoogte sigbaar is.

¹⁷⁵ J.L.M. Franken, Maleise en Portugese relikte aan die Kaap van vandag, *Die Huisgenoot* 15(449), 1930-11-07, p. 21; L.P. Heiberg, *Afrikaanse visserstaal*, D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1957, p. 98.

ghoenoesettang/ghoeni settang (setan): Dit is die vissers se benaming vir Duiwelspiek. *Ghoenoesettang* is dus 'n samestelling van die Maleise *ghoenoeng* wat "berg" beteken en *setan* wat "duiwel" beteken.¹⁷⁶ Die letterlike betekenis is dus Satanskop.

Sekere klippe en duine is ook as merkers benoem:

- batghila*: Verwys na Malklip by Clifton. Die water maal en klots gewoonlik ontstuiinig om dié klip. Die naam is 'n samestelling van die Maleise *bat* wat klip beteken en *ghila* wat "gek", "mal" of "dwaas" beteken.
- batpesar/batbasaar*: Verwys na Grootklip tussen Seepunt en Robbeneiland. Die naam is dus afgelei uit die Maleise *bat* wat "klip" beteken en *besar* wat "groot" beteken.
- batsampi*: 'n Klip anderkant Kampsbaai waar die vissers gewoonlik gerus het. Die naam is afgelei van *bat* wat "klip" beteken en *sampai* wat "voldoende" of "genoeg" beteken.
- bakat*: Die deel tussen Seepunt en Clifton. Die Maleise woord *bakat* beteken "golfgeklots" of "branding" en die woord verwys heelwaarskynlik na die golwe in dié gebied.
- tanamera*: Is 'n vismerk wat gevorm word deur die kleigroewe aan die voet van *ghoenoesettang* (Duiwelspiek) by Mellish se plaas. Die naam is 'n samestelling van die Maleise *tanah* wat "grond" of "land" beteken en *mera* wat "rooi" beteken, met ander woorde Rooigrond.¹⁷⁷

Te oordeel aan die name van die volgende klippe, "stene", bergkoppe en duine was die ontdekkers heelwaarskynlik Oosterse visserslawe: *Ou Daat se Kop*, *Damoen se Steen*, *Oktober se Steen*, *Arithdin se Steen*, met *Salie se Steen*, *Sop se Steen* en *Placido se Steen* wat al drie in Valsbaai geleë is sowel as *Ramassi se Duin* en *Sadrage se Duin*.¹⁷⁸

Voorafgaande is 'n bewys dat die Afrikaanse visserstaal, hetsy in 'n geslote groepstaal of in sy standaard vorm, sekere leksikale eenhede en items uit die Kaapse slawetale oorgeneem het. Die oorname is in die hand gewerk deur horisontale akkulturasie tussen die kultureel heterogene slawe in die vissersbedryf sowel as deur vertikale opwaartste akkulturasie, waar leksikale items en eenhede deur taalkontak van die slawetale in die dominante Europese taal

¹⁷⁶ J.L.M. Franken, Maleise en Portugese relikte aan die Kaap van vandag, *Die Huisgenoot* 15(449), 1930-11-07, p. 21; L.P. Heiberg, *Afrikaanse visserstaal*, D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1957, pp. 98 - 100.

¹⁷⁷ J.L.M. Franken, Maleise en Portugese relikte aan die Kaap van vandag, *Die Huisgenoot* 15(449), 1930-11-07, p. 21; L.P. Heiberg, *Afrikaanse visserstaal*, D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1957, p. 100.

¹⁷⁸ L.P. Heiberg, *Afrikaanse visserstaal*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1957, p. 101; J.L.M. Franken, Maleise en Portugese relikte aan die Kaap van vandag, *Die Huisgenoot* 15(449), 1930-11-07, p. 21.

Nederlands opgeneem is. In dié opsig het die visserslawe ‘n bydrae tot die kreolisering van Nederlands gelewer.

Sekere woorde uit die Maleis-Polinesiese tale wat in Afrikaans opgeneem is, hou verband met bepaalde neigings, gewoontes en gebruike van veral die Oos-Indiese slawe wat in die Kaapse samelewing nie altyd positief bejeën is nie. Die woord *amok* is in Standaardafrikaans opgeneem en is afgelei van die Maleise woord *amuk*¹⁷⁹ wat op ‘n skielike toestand van raserny en gewelddadigheid dui.¹⁸⁰ Die woord *amok* het met die geneigdheid van veral die Maleierslawe om uit weerwraak in ‘n beserkte staat *amok* te hardloop, te make.¹⁸¹ Beide die woorde *doepa* en *paljas* is uit die slawetaal Maleis in Afrikaans opgeneem en hou verband met die Maleierslawe se bekwaamheid in en bemoeienis met die sogenaamde toordery.¹⁸² Talle Kaapse slawe was afkomstig van nie-Moslemkulture in die Indonesiese Argipel waar hulle sosio-religieuse omgewings deurspek was met mistieke gebruike.¹⁸³ Die Maleise woord *doepa*, wat “wierook” beteken, dui in praktyk op ‘n toormiddel – veral ‘n liefdesdrank – wat gebruik is om iemand verlief te maak,¹⁸⁴ terwyl *paljas* afgelei is van die Maleise woord *peljas*, wat “toormiddel” beteken.¹⁸⁵ Alhoewel toorkuns wesenlik teen die Calvinistiese kerkgeloof van meeste Europeërs ingedruis het, het dit nogtans ‘n belangrike plek in die volksgeloof van die kolonis ingeneem.¹⁸⁶ Terwyl die Maleierslawe vanweë hulle sogenaamde toordery deur die blanke koloniste met agterdog bejeën is,¹⁸⁷ het hulle nogtans van die dienste van die Maleiertoordokter gebruik gemaak.¹⁸⁸ Kontak tussen slaaf of vryswarte en die kolonis op die gebied van die volksgeloof en die pertinente stereotipering van die Maleier as toordokter het dus heelwaarskynlik ‘n rol in die opname van die leksikale items *doepa* en *paljas* uit die slawetaal Maleis in Afrikaans gespeel.

Ander woorde van Maleis-Polinesiese oorsprong wat met die Kaapse slawe verband hou, is onder meer *baklei* wat sy oorsprong in die Maleise *berkelahi* het, *tamaai* wat na die Maleise

¹⁷⁹ E.H. Raidt, *Interne ontwikkeling van Afrikaans*, in T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 68.

¹⁸⁰ M. de Villiers (red.) e.a., *Nasionale woordeboek*, p. 26.

¹⁸¹ V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 195 - 196; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 288 - 289; J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town*, pp. 37 - 38; Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 59; Lady Anne Barnard, *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (red. A.M.L. Robinson), p. 54.

¹⁸² D.B. Bosman, *Oor die ontstaan van Afrikaans*, p. 73; V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 127 - 128; F.Th. Schonken, *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksverleveringen*, pp. 162 - 164; J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town*, p. 37.

¹⁸³ A. Davids, *Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study*, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4.

¹⁸⁴ S.P.E. Boshoff, *Etimologiese woordeboek van Afrikaans*, p. 43; M. de Villiers (red.) e.a., *Nasionale woordeboek*, p. 107; L.C. Eksteen, *Die Afrikaanse woordeskat*, in T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 150; F. Th. Schonken, *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksverleveringen*, p. 162.

¹⁸⁵ S.P.E. Boshoff, *Etimologiese woordeboek van Afrikaans*, p. 91; M. de Villiers (red.), *Nasionale woordeboek*, p. 379; E.A. Raidt, *Interne ontwikkeling van Afrikaans*, in T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 69.

¹⁸⁶ H. van der Merwe, *Volkswetenskap*, in P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur VI: Boerewysheid*, pp. 58 - 59.

¹⁸⁷ Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), pp. 43 en 59 - 60; J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town*, p. 37.

¹⁸⁸ H. van der Merwe, *Volkswetenskap*, in P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur VI: Boerewysheid*, pp. 59 - 59.